

Suidelike Pleiades

Oop sterswerm in Carina

Wat is dit? 'n Baie jong, naby sterswerm van helder blou-wit sterre.

Naam: IC 2602

Ander name: theta Carinae Swerm, Lacaille II.9, Caldwell 102

Ligging: Carina ($10^{\text{h}} 43.2^{\text{m}}, -64^{\circ} 24.0'$)

Hoek grootte: 1.5°

Grootte: 14 ligjaar in deursnee

Afstand: 525 ligjaar

Ouderdom: 40 miljoen jaar

Luminositeit: 4 500 Sonne

Hoogtepunte:

- Een van die naaste sterswerms.
- Lê in die Orion (of Plaaslike) Arm van die Melkweg (waarin die Son ook lê).
- Die eerste Europese sterrekundige wat dit aangeteken het, was Lacaille tydens sy besoek aan die Kaap (1751). Sy kommentaar, “soos die Pleiades” is die oorsprong van die sterswerm se bynaam.
- Nie deur John Herschel aangeteken nie!
- Helderste voorwerp in die IC katalogus.
- In 'n 1° veld is daar sowat 60 sterre helderder as magnitude 11.

eta Carinae Newel

Helder newel in Carina

Wat is dit? 'n Reuse gebied van deurlopende stervorming sowel as dreigende sterdoed.

Naam: NGC 3372

Ander name: Lacaille III.5&6, Dunlop 309, Gum 33, RCW 53, Caldwell 92

Ligging: Carina ($10^{\text{h}} 44.3^{\text{m}}, -59^{\circ} 53.3'$)

Hoek grootte: 2°

Grootte: 300 ligjaar in deursnee

Afstand: 7 500 ligjaar

Ouderdom: sowat 3 miljoen jaar

Massa: 250 Sonne

Luminositeit: 1 miljoen Sonne

Hoogtepunte:

- Die helderste deel van die suidelike Melkweg.
- Groot, jong en baie energieke stervorming-gebied (bevat 70 O-tipe sterre, waar die Orion Newel slegs 10 het).
- Die 5de magnitude oranje-gekleurde eta Carinae is 'n massiewe en onstabiele ster wat moontlik die volgende supernova in die Melkweg sal word!
- Klein “Homunculus” newel lê rondom eta Carinae en het ontstaan in 1843 na 'n enorme uitbarsting op die ster.

Kolesak

Donker newel in Crux

Wat is dit? 'n Groot wolk van baie koue, digte gas en stof met genoeg massa om 3 500 Sonne te maak.

Ander name: Magellaan se Kol, Swart Magellaanse Wolk, Ou Sak van die Nag, Swart Duif, Caldwell 99

Ligging: Crux ($12^{\text{h}} 31.3^{\text{m}}, -63^{\circ} 44.6'$)

Hoek grootte: $7^{\circ} \times 5^{\circ}$

Grootte: 50 ligjaar in deursnee

Afstand: 500 ligjaar

Massa: 3 500 Sonne

Hoogtepunte:

- 'n Dormante stergeboorteplek (nog sonder sterre) in die vroeë fases van ontwikkeling tot 'n volwaardige stervorminggebied.
- Lê in die Orion (of Plaaslike) Arm van die Melkweg (waarin die Son ook lê).
- Is die mees prominente geïsoleerde donker wolk in die suidelike Melkweg.
- Die Kolesak is die duidelikste sigbaar tydens donkermaan en vertoon in silhouet teen die helder Melkweg. Met 'n verkyker kan donker ‘kanale’, wat suidwaarts kronkel, gesien word.
- Vorm die kop en snawel van die “Donker Emu” soos gesien deur die Australiese inboorlinge.

omega Centauri

Bolvormige sterswerm

Wat is dit? 'n Massiewe, digte bondel sterre wat die oorblyfsel van 'n dwerggalaksie is wat deur ons Melkweg gekannibaliseer is.

Naam: NGC 5139

Ander name: Lacaille I.5, Dunlop 440, Bennett 61, Caldwell 80

Ligging: Centaurus ($13^h 26.8^m$, $-47^\circ 28.7'$)

Hoek grootte: 0.9°

Grootte: 300 ligjaar in deursnee

Afstand: 16 000 ligjaar

Ouderdom: 12 duisend miljoen jaar

Luminositeit: 800 000 Sonne

Hoogtepunte:

- Bevat 10 miljoen sterre.
- Is die grootste, helderste en mees massiewe bolvormige sterswerm in ons Melkweg.
- Een van die min bolvormige sterswerms wat met die blote oog sigbaar is; vertoon so groot soos die Volmaan.
- In die kern is die sterre slegs 'n tiende van 'n ligjaar uit mekaar.
- Vir die eerste keer met 'n teleskoop waargeneem deur komeetontdekker Edmond Halley in 1677 tydens sy besoek aan St. Helena Eiland.

Die Melkweg

Staafspiraal galaksie

Wat is dit? 'n Staafspiraal galaksie (SBc) wat ons tuiste in die kosmos is.

Grootte: 110 000 ligjaar in deursnee

Ouderdom: Sowat 13.6 duisend miljoen jaar

Aantal sterre: 300 duisend miljoen

Arms: Vier hoof spiraalarme

Kern: 'n 2 miljoen sonmassa swart gat (Sgr A*) skuil in die Melkweg se kern

Die Son se posisie: Lê in die skyf, 40 ligjaar bo die galaktiese vlak en 27 000 ligjaar vanaf die kern, binne die Orion (Plaaslike) Arm.

Ons wentelbaan: Die Son en die sonnestelsel neem 240 miljoen jaar om een omwenteling van die Melkweg te voltooi, teen 'n spoed van 250 km/s (900 000 km/h).

Hoogtepunte:

- Ons Melkweg is een van 200 duisend miljoen galaksies in die Heelal.
- 'n Lid van die Plaaslike Groep (tesame met 48 ander galaksies) wat deel vorm van die Virgo Superswerm, wat weer deel is van die Laniakea Superswerm.
- Ons sien die middelpunt van ons Melkweg in die rigting van Sagittarius waar dit as 'n groot, helder kol vertoon. Dit staan bekend as die Groot Sagittarius Sterwolk.

Ander nabygeleë juwele

